Vaalpark Gemeente
Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 43 van 2019

27 Oktober 2019

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Blaas die vure dood; blaas die fluitjies kliphard

Wie is nie tot stilstand geruk deur die onlangse tonele van buitelanders wie se winkels afgebrand is, plundery, en mense wat aangerand is nie. Vrees vir vreemdelinge (oftewel, xenofobia) is 'n skokkende realiteit hier in ons dag. Maar dit is niks nuut nie. Geweld teen vreemdeling het al God se aandag getrek in die Bybel. In Eksodus 22:21 en 23:9 verbied Hy Israeliete om mense uit ander volke wat in hulle midde woon te mishandel of te na te kom. Dieselfde gebod word in Levitikus 19:33-34 herhaal. Israelite moet vreemdelinge behandel asof hulle mede-Israeliete is. Die rede: Israel was ook eens op 'n tyd vreemdelinge in 'n vreemde land. Hulle behoort dus te weet hoe dit voel. Daarom verwag God dat sy volk anders moet optree teenoor vreemdelinge in hulle midde as hoe die Egiptenare hulle vroeër behandel het.

God se mense moet altyd deernis vir mekaar en vir ander hê. Dit is sy voorskrif en sy pad vir ons almal. Daar's geen ander pad nie. Gelowiges sien graag randfigure, stukkendes en swakkes raak. Ons word geroep om 'n stem vir die stemloses te wees. Ons durf nooit ander pad kyk as mense vertrap en verneder word nie.

"Salig is die wat jammerhartigheid bewys, want aan hulle sal jammerhartigheid bewys word."

"Salig is die vredemakers, want hulle sal God sien."

So leer Jesus ons in Matteus 5:7 en 9. Doen dit en wees geseënd.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid asb vir Janine Vorster–vir deurbraak in haar gesondheid en vir volkome genesing
Bid asb vir Lottie Conradie–kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
*Bid asb vir Maria Steyn – vir volkome genesing
*Bid asb vir Oom Sampie Swart – vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy–vir volkome genesing. Albei ernstig siek
*Bid asb vir Ria Putter – vir volkome genesing
*Bid asb vir JP vd Walt – het longvlies-kanker. Vir volkome genesing.
*Bid asb vir Louise v Zyl–volkome herstel na rugoperasie
*Bid asb vir Hennie v Aswegen–vir spoedige herstel
*Bid asb vir John Stapleton–vir beterskap en volle genesing Het brein operasie gehad
*Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
*Bid asb vir Basie Roux – hy het prostaatkanker
*Bid asb vir die Mofokeng familie met die afsterwe van Anna Mofokeng

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- Ons is lief vir U! AMEN





Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
03 Nov 2019	*Gemeentefees & Nagmaal*	*NG Kerk*
10 Nov 2019	*Kerssangdiens*	*NG Kerk*

Gedagte vir die week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.